# DIE CHRISTELIKE EN NASIONALE PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

(051) 447 6845 kantoor@oranjeprimer.co.za Aliwalstraat 99, Bloemfontein

## Musiekaansoekvorm 2026

Instrument ______________________________

Naam van Leerder ____________________ Graad in 2026 ____________

Geboortedatum van Leerder ____________

Naam van Ouer ___________________________________________

Adres ________________________________________________

Selfoonnommer van ouer ______________________________________

E-pos adres van rekenpligtige ____________________________________

Besit u enige instrument? ______________________________________

Spesifiseer instrument _______________________________________

**Fooiestruktuur (Merk watter opsie u verkies)**

- ☐ 60 minute lesse @ R2 770.00 per kwartaal
- ☐ 30 minute lesse @ R1 385.00 per kwartaal
- ☐ Marimba (Groepklasse) (30 minute) @ R585 per kwartaal
- ☐ Teorieklasse (Groepklasse) (60 minute) @ R1 385.00 per kwartaal
- ☐ Teorieklasse (Individueel) (30 Minute) @ R1 385.00 per kwartaal
- ☐ Huur van instrument @ R660.00 per kwartaal (Slegs viool)

Musiekfooie is vooruitbetaalbaar per kwartaal. Indien betaling nie binne die eerste week van elke kwartaal geskied nie, **word haar lesse gestaak**. Lesse sal weer hervat word wanneer bewys van betaling ontvang is.

**Indien u dogter haar lesse wil staak moet u 'n volle kwartaal vooraf skriftelik kennis gee.** Indien 'n kwartaal dus reeds in aanvang is, bly u verantwoordelik vir die volle kwartaal se fooie.

**Bankbesonderhede:**
Absa Bank
Rekeningnommer: 1570170933
Takkode: 632005
Verwysing: U dogter se naam en van
E-pos bewys van betaling na finans@oranjeprimer.co.za.

## Liewe Ouer:

Dankie dat jy in jou kind belê deur haar die geleentheid te gee om die vaardigheid van musiek aan te leer. Ons musiekpersoneel is opgewonde om elke dogter se potensiaal te ontwikkel en om 'n liefde vir musiek by haar te kweek.

**Hier volg belangrike inligting rakende die lesse:**

### 1. Algemene beleid:

Leerlinge ontvang agt (8) lesse gedurende die kwartaal (32 lesse per jaar). Elke personeellid hou register van die leerlinge se bywoning om te kontrolleer dat die lesse geskied.

*Neem asseblief kennis van die volgende belangrike punte:*

In die volgende gevalle word lesse ongelukkig **verbeur** en die personeel is **nie** verantwoordelik om die les op te vang nie:

- Dogter daag nie vir 'n les op nie. Die musiekpersoneel sal die Gr. 1 – Gr. 3 leerders by hulle klasse gaan haal, maar van Gr. 4 af is dit die dogters se verantwoordelikheid om self les toe te kom.
- Dogter vergeet haar boeke en/of musiekinstrument vir 'n les.
- Wanneer die les gekanselleer word as gevolg van sportbyeenkomste en ander skoolaktiwiteite waar die dogter of personeellid betrokke is. (Hoewel die onderwyser nie verplig is om die lesse in te haal nie, kan spesiale vergunning vir toernooie en toere gemaak word, mits dit vooraf met die onderwyser gereël word en die onderwyser ook oor genoegsame tyd beskik om die les in te haal.)
- Wanneer die les op 'n publieke vakansiedag val.
- Lesse wat gestaak is as gevolg van 'n laat betaling word verbeur.

*Indien die leerling nie die musiekles kan bywoon nie moet die betrokke onderwyser asseblief 24 uur voor die aanvang van die les in kennis gestel word.*

In die volgende gevalle **sal** die onderwyser **die les in haal**:

- Wanneer die kind afwesig was as gevolg van siekte en 'n siekbrief by die betrokke musiekonderwyser in handig. (Indien die onderwyser oor genoegsame tyd beskik)
- As die onderwyser die les kanselleer as gevolg van siekte of verlof.
- As 'n dogter die les mis as gevolg van afsterwe in haar familie.

### 2. Verantwoordelikheid van dogters en ouers:

Om goeie vordering in musiek te toon is dit baie belangrik dat die dogters asseblief by die huis oefen. Ons moedig alle ouers aan om die dogters te motiveer en toe te sien dat hulle gedurende die week by die huis oefen en voorbereid is vir 'n les.

***Onthou:*** *Om 5 minute elke dag te oefen is beter as om 30 minute op net een dag te oefen!*

**3. Evaluering en eksamen:**

Daar sal twee keer 'n jaar evaluering by die skool gedoen word om vordering te monitor. Meer inligting rakende die evaluering sal betyds gekommunikeer word indien die leerders iets spesifiek daarvoor moet voorberei.

Die dogters sal ook die geleentheid gebied word om aan eksterne eksamens deel te neem (Bv. Unisa, Trinity en ABRSM/Royal Schools). Indien u as ouer dit verlang dat u dogter eksterne eksamen speel of teorie eksamen skryf, kommunikeer dit asseblief met die betrokke onderwyser. Onderwysers kan ook 'n aanbeveling maak vir die dogter om deel te neem aan eksterne eksamens indien hulle voel die kind sal daarby baat.

**4. Optredes:**

Deur die jaar sal die leerders verskeie geleenthede gebied word om op te tree. Dit sluit in: Pousekonsert, Tuinkonsert en Jaar-eind konsert. Meer inligting rakende die geleenthede sal gekommunikeer word.

**5. Laaste maar nie die minste...**

Ons is 'n span toegewyde personeel wat elke dogter se lewe met die mooiste melodieë wil verryk. Mag daar net note van vreugde en liefde in die gange van elke huis weergalm.

Vir enige vrae of onsekerhede is u welkom om die betrokke onderwyser te skakel.
Indien verdere inligting benodig word kan u Me. Nadia Jansen van Rensburg te kontak by 071 894 9764 of musiek@oranjeprimer.co.za

**6. Ondertekening**

Hiermee bevestig ek ________________ ouer van ______________________
dat ek kennis neem van die bogenoemde inligting en daarby sal hou. Ek sal ook my dogter motiveer om gereeld te oefen sodat sy haar volle potensiaal kan bereik.

Handtekening van Ouer __________________ Datum ______________